

Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 42**

**INVENTARIS VAN DIE  
PELLISSIER, S.H. - VERSAMELING**

Saamgestel deur: Carl Nel (student) & Petra Luus

Mei 2021

Pretoria

## Voorwoord

Samuel Henri Pellissier was die Direkteur van Onderwys, 'n kultuurleier en word as die vader van die Volkspoele beweging in Suid-Afrika beskou. Hy is op 10 November 1887 in Bethulie gebore. In 1926 was hy as Direkteur van Onderwys van die Oranje-Vrystaat aangestel waar hy baie vir die vooruitgang van onderwys en opvoeding bemag het.

Tydens 'n buitelandse studiebesoek het hy onder die indruk gekom van die groot kulturele betekenis van volksang en volkspele van die Sweedse volk. In Suid-Afrika het hy in 1914 volkspele vir die jeug en volwassenes geïniseer deur middel van bekendstelling, motivering, kursusse, en saamtrekke. So het volksang en volkspele in die land posgevat.

Die Volkspoelebeweging het by baie groot kultuurfeeste in Suid-Afrika 'n prominente rol gespeel. Met die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 het 2000 volkspelers 'n vertoning gelewer. Meer as 3000 volkspelers het in 1952 met die Van Riebeeck-fee in Kaapstad opgetree. In 1955 met Pretoria se eeufeesviering het 9000 volkspelers, onder leiding van die bekende mev. Cecile de Ridder, vertonings gelewer.

Mnr Pellissier was ook by ander organisasies betrokke, onderandere:

1939 – 1946: Voorsitter van die raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

1948 – 1959: Voorsitter van die beheerraad van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie

Hy het verskeie toekennings ontvang:

- 1945: Eredoktorsgraad vanaf die Universiteit van Stellenbosch
- 1950: Erepennig van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
- 1961: Erepennig van die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging
- 1965: Erelid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Mnr Pellissier se vrou, Judith Raubenheimer, was lid van talle kultuurorganisasies. Ses kinders is uit hul huwelik gebore. Mnr Pellissier is op 18 Mei 1978 op die ouderdom van 91 in Zeerust oorlede.

Bron: Beyers, C.J. & Basson, J.L. 1987. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Die versameling is nog in 'n redelike goeie toestand. Dit is deur 'n student in argiefwese, Carl Nel, by die Erfenisstigting ontsluit, met behulp van die twee argivarisse. Dit bestaan hoofsaaklik uit bladmusiek, foto's, en publikasies. Die hele versameling bestaan uit 4 volumes.

<u>Inhoudsopgawe</u>	<u>Bl.</u>
1. <u>Vergaderings</u>	1
2. <u>Korrespondensie</u>	
2.1 Ontvang	1
2.2 Gestuur	1
3. <u>Uitnodigings</u>	1
4. <u>Programme</u>	1
5. <u>Publikasies</u>	
5.1 Diverse	2
5.2 Volkspele handleidings	2
5.3 Koerantartikels	2
5.4 Notas	2
6. <u>Bladmusiek</u>	
6.1 Gedrukte bladmusiek	2
6.2 Geskrewe bladmusiek en getikte lirieke	3
6.3 Sangstukke (bladmusiek) versamel deur Mev. Pellissier	3
7. <u>Foto's</u>	
7.1 Los foto's	4
7.2 Volkspele foto's	4
7.3 Gemonteerde (karton) foto's	4
7.4 Geraamde foto's	4
8. <u>Diverse</u>	
8.1 Papier, karton en koeverte	5
8.2 Diverse dokumente	5